

191. T. 3 (6)

ONS HUIDIGE TAAK IN VERBAND  
MET TAALHANDHAWING.

---

Deur Prof. H.B. Thom  
(Voorsitter, F.A.K.)

---

(Voorsittersrede F.A.K.-Kongres,  
Bloemfontein, 1 Oktober 1958)

---

Die tweejaarlikse kongres van die F.A.K., wat vanjaar (1958) weer plaasvind, hou hom in hoë mate besig met die belangrike vraag van die suiwere gebruik van Afrikaans. Dat die Uitvoerende Komitee van die F.A.K. besluit het om veral hierop te let, is seker nie vreemd nie, aangesien die behartiging van die belange van ons taal steeds een van die allervernaamste take van die F.A.K. bly.

Die vraag van die suiwere gebruik van ons Afrikaans raak 'n baie belangrike sy van ons huidige taalstryd. Daar is egter ook baie ander sye hiervan, wat vandag eweneens ons ernstige aandag verdien. Ek dink bv. aan die skepping van nuwe woorde en uitdrukkinge wat gedurig plaasvind; aan die bevordering van die goeie lektuur in Afrikaans, waardeur die veld en omvang van ons doeltreffende, inhoudryke taalskat verryk word; aan die leiding en voorligting van ons jongmense op taalgebied, waardeur ons gesonde fundamente vir die toekoms lê. En so is daar ook nog baie ander sye van hierdie groot vraagstuk wat hulle vandag aan ons opdring.

In my Voorsittersrede wil ek vanaand meer bepaald oor ons huidige taak in verband met taalhandhawing praat. Na my beskeie mening het dit vandag 'n dringende, aktuele saak geword, waaroor ons tans diep en ernstig moet nadink. Dit het tyd geword dat die Afrikaner hom ruitelik hiervan rekenskap sal gee; dit het tyd geword dat hy sy taak onder die nuwe tydsomstandighede duidelik sal sien; en dit het ook hoog tyd geword dat hy sal besef dat dit met hierdie hoogs belangrike saak reeds laat in die dag geword het.

Laat ons 'n oomblik stilstaan en kyk hoe dit in die verlede hiermee gesteld was.



Twintig of dertig jaar gelede het die gedagte van taalhandhawing ons mense soos 'n onweerstaanbare krag beetgepak. Afrikaners het hulle daarvan bewus geword dat die gesonde voortbestaan van hulle taal slegs verseker kan wees as Afrikaners op onverskrokke, konsekwente wyse hulle taal handhaaf. Daar was natuurlik ook teenstemme, maar soos ook by ander groot beweginge in die lewe van ons volk, het hierdie teenstemme geen blywende indruk gelaat nie en eerder die kommando's van taalstryders tot groter daade aangespoor. 'n Handhawersbond is in die lewe geroep en op verskeie plekke, veral in sommige van ons groot stede, het die Bond met krag en welslae opgetree. Vriend en vyand het gesien dat dit die Afrikaner met sy taal groot erns was; die gedagte van taalhandhawing het 'n weldadige landsreën op die kultuurakker van ons volk geword, en skone vrugte het nie agterweë gebly nie.

Ons het belewe hoe Afrikaans ten volle in ons Kerke en ons Onderwys erken en aanvaar is. Ons het aanskou hoe tal van liggame hulle amptelike verrigtinge ook in Afrikaans begin voer het. Ons het gesien hoe teensinnige sakemanne ook in Afrikaans sake begin doen het, en hoe hulle selfs Afrikaanse seuns en dogters spesiaal gaan aanstel het om kliënte in Afrikaans te bedien. Op tal van etikette en winkel-opskrifte het Afrikaans sy verskyning gemaak. Dit alles was treffende suksesse van 'n doelbewuste, onverskrokke optrede wat deur jare heen voortgedra en volgehou is.

Die resep vir die destydse optrede was duidelik en eenvoudig. Dit kan saamgevat word in die kragtige paar woorde wat so dikwels gehoor is: Praat Afrikaans, altyd en oral! Deur hierdie leuse voortdurend te herhaal, en met oortuiging uit te leef, het die leiers onmiskenbare leiding aangegee wat deur alle handhawers met geesdrif gevolg is. Ek dink onwillekeurig aan wat 'n Duitse veldheer van die negentiende eeu eenkeer gesê het: „'n Man wat sy doel duidelik voor hom sien, en pliggetrou, koersvas daarop afstuur, misluk selde". Ons taalhandhawers het die waarheid van hierdie woord by herhaling ervaar.



Dit was, in breë trekke, die verloop in die verlede. In die afgelope twintig of dertig jaar het daar egter dinge gebeur, wat taalhandhawing op opvallende wyse beïnvloed het en wat dit vandag ook nog terdeë beïnvloed. Daar het ook nuwe faktore bygekóm, wat op die gebied van taalhandhawing steeds 'n belangriker rol speel.

Laat ons kortliks nagaan wat die toestand vandag is.

Afrikaans het op baie gebiede geseëvier en tot sy reg gekóm. In Kerk en Staat en Onderwys geniet dit volle erkenning. Die Afrikaner het op ekonomiese gebied vooruitgegaan en is vandag, oor die algemeen redelik welvarend. As ons na die gewone geriewe van die alledaagse lewe kyk, dan moet ons tot die gevolgtrekking kom dat die Afrikaner vandag inderdaad 'n hoër lewenstandaard geniet as verreweg die meeste ander volke in ons Westerse beskawingskring. Die Afrikaner beleef sy seëpraal, en hy geniet ook die vrugte daarvan.

Daarteenoor bly dit egter ook 'n feit dat hy - soos ek twee jaar gelede by die vorige kongres van die F.A.K. in besonderhede aangetoon het - vandag aan die gewone gevare van die seëpraal blootgestel is en dat daardie gevare besig is om die Afrikaner se posisie ook reeds te ondergrawe. Baie van ons het vandag 'n valse gevoel van sekerheid en veiligheid. Ons word nie meer gekenmerk deur daardie gees van doelbewuste strydvaardigheid nie. Ons is tevrede met wat ons bereik het; ons rus op ons louere; en selfvoldaanheid en selftevredeheid neem die plek in van behoedsaamheid en aktiwiteit.

Ek wil die stelling maak dat daar vandag veral in verband met ons taalhandhawing 'n trae slapheid en geestelike selfgenoegsaamheid ingetree het, wat 'n skrilte teenstelling vorm met die lewendige, bruisende energie van ons handhawers van 'n twintig of dertig jaar gelede. Dit mag kras klink, maar as ons kalm nadink en met onself eerlik is, sal ons weldra ten volle hieroor saamstem.



'n Welwillende besoeker wat onlangs uit Nederland vir die eerste keer in ons land gekom het, het sy verbasing daaroor uitgespreek dat die algemene stadsbeeld wat hy in ons grootste stede gekry het, 'n volkome on-Afrikaanse beeld is. Opskrifte op geboue, advertensies op prominente advertensieborde, bediening op vervoermiddele, taalgebruik in winkels - dit alles was vrywel uitsluitlik in Engels. Ons besoeker het die grootste verbasing hieroor uitgespreek, veral in die lig van die feit dat meer as 60% van die blanke bevolking van ons land Afrikaanssprekend is. Onwillekeurig het hy 'n vergelyking gemaak met Kanada, waar 'n minderheid van die bevolking Franssprekend is, maar waar die opvallende stadsbeeld in groot stede soos Montreal en Quebec vrywel volkome Frans-Kanadees is.

Dit is ongetwyfeld waar dat 'n besoeker soos hierdie veral raaksien wat dadelik in die oog val, en dat hy nie onmiddellik kan deurdring tot die dieptes van nasionale oortuiginge wat agter hierdie ooglopende verskynsels lê nie. Maar dan sal ons nietemin dadelik erken dat dit redelik is om te verwag dat die uitwendige stads- of gemeenskapsbeeld nie vreemd sal wees aan die sielebeeld van die meerderheid van die blanke bevolking nie. 'n Lang gesprek met my Nederlandse vriend het my sterk oortuig laat voel dat ons meer sulke besoekers nodig het: Hulle sien verskynsels raak waaraan ons al gewoond geword het; hulle vestig aandag op dinge wat ons in ons selfvoldaanheid al as vanselfsprekend aanvaar.

In hierdie verband moet ook 'n paar onlangse ondervindinge van die F.A.K. genoem word. Die Sekretaris van die F.A.K. het skrywes gerig aan die bestuurders van hotelle om hulle te vra om hulle rekeninge, spyskaarte en ander stukke, naas Engels, ook in Afrikaans te voorsien. Hy het ook aan 'n groot aantal sakeondernemings geskryf om hulle te vra om ook hulle stukke in Afrikaans te stel, en om terselfdertyd vir behoorlike bediening oor die toonbank in Afrikaans voorsiening te maak.



Die uitkoms van die poging was interessant en insiggewend. 'n Hele aantal van diegene aan wie briewe gerig is, het niks van hulle laat hoor nie. Ander het ontvangs van die skrywe erken en in soetklinkende woorde samewerking belowe. Ander het geantwoord dat dit heelwat koste sou meebring indien hulle aan die versoek van die F.A.K. sou voldoen, en dat hierdie koste nie geregverdig sou wees nie, aangesien daar van die kant van die publiek selde om bediening in Afrikaans gevra word. Nog ander het wrewelig geword: hulle het gesê dat die F.A.K. besig is om politieke propaganda te maak, en dat hulle geensins voornemens was om van hulle gebruik van eentalige Engelse bediening af te sien nie. Een firma het selfs so ver gegaan om aan 'n verteenwoordiger van die F.A.K. te sê dat hulle die steun van Afrikaners nie nodig het nie.

Op die stappe, wat op hierdie poging van die F.A.K. gevolg het, gaan ons hier nie in nie, maar ons let veral daarop dat dit aan die lig gebring dat dit met die taalhandhawing van die Afrikaner in die openbare lewe vandag geensins na wens gesteld is nie. Want as die Afrikaner werklik sy taal gehandhaaf het, sou groot firma's met wie baie Afrikaners handel, immers nooit kon getuig het dat hulle nagenoeg geen behoefte aan Afrikaanse bediening teenkom nie. En as Afrikaners - wat oor 'n enorme koopkrag beskik en, soos opgemerk is, die meerderheid van die blanke bevolking uitmaak - werklik op hulle taal gesteld was, sou sake-ondernemings nie so maklik met eentalige Engelse bediening volstaan het nie - of selfs verklaar het dat hulle die Afrikaner nie nodig het nie!

Voor hierdie feite staan ons vandag: Die Afrikaner het tot 'n groot mate selfvoldaan geword, en hy het in sy taalhandhawing verflou. Hoe gouer ons hierdie feite onder die oë sien, en hoe gouer ons in ons alledaagse lewe aktief in verband daarmee optree, hoe beter sal dit vir die kulturele toekoms van ons volk wees.



Daar is Afrikanerleiers wat die mening toegedaan is dat die patroon van ons jongste staatkundige verlede veel hiermee te doen het. Oor die besonderhede van ons staatkundige toestand wil ek my hier vanselfsprekend nie uitlaat nie. Maar ek wil sekere feite konstateer wat met die onderhawige kulturele vraagstukke in noue verband staan.

Na die stigting van die Unie van Suid-Afrika in 1910 was Afrikaners vir baie jare lank in hoë mate oor 'n hele paar partye versprei. Dit het tot gevolg gehad dat die Afrikaner wel 'n belangrike faktor in ons politieke lewe was, maar dat hy die regeringsmag nie in sy hande gehad het nie. Stadigaan - en soms ook met rukke en stote - het Afrikaners mekaar egter op die staatkundige terrein gevind, wat in 1948 daarop uitgeloop het dat die Nasionale Party by die verkiesing 'n meerderheid gekry het en dus geroepe was om die Regering van die land saam te stel. Nou is vir die eerste keer in die geskiedenis van die Unie 'n Regering gevorm wat ten volle uit Afrikaanssprekendes bestaan het. Vyf jaar later, by die verkiesing van 1953, is die Nasionale meerderheid versterk; en nogeens vyf jaar later, t.w. by die verkiesing van 1958, het die politieke stroom nog sterker in hierdie rigting gevloei.

Dit het beteken dat die politieke mag, meer as ooit tevore in ons geskiedenis, in die hande van Afrikaners gekom het. Baie Afrikaners het onwillekeurig die gevoel gekry dat onder hierdie omstandighede hulle kulturele belange veilig is en dat dit nou nie meer nodig is om hulle soseer daarvoor te beywer nie. Hulle het gevoel asof hulle nou so 'n sterk posisie bekleed het dat hulle kon bekostig om op kulturele terrein meer toeskietlik te wees. Hulle het eensklaps gedink dat daar nou nie meer soveel gevaar in steek om maar 'n bietjie meer Engels te praat nie!

Hiermee is daar as sodanig nie veel verkeerd nie, mits 'n mens natuurlik jou probleem in die juiste perspektief bly sien, en mits jou behoedsaamheid geensins afneem nie. 'n Mens moet onthou dat geen Regering, of meerderheid in die Volksraad, homself kies nie, maar dat hy deur die kiesers van die land



gekies word. Die meerderheid wat deur die kiesers na die Volksraad gestuur word, is niks anders nie as 'n weerkaatsing van die wil en gesindheid van die volk, soos daardie wil en gesindheid van die volk deur die kiesers verteenwoordig word.

Hieruit volg dus dat ons geensins van die regering van die dag kan verwag, hoeseer ons ook met daardie regering mag saamstem, dat hy ons kulturele belange sal beveilig en verseker nie. Ons kultuur - en by name ons taal - is iets van ons volk self, en van elke individuele lid van ons volk. Elkeen van ons het hier sy plig, en ons moet goed onthou dat ons daardie plig nie sommer so maklik op die skouers van die regering van die land kan afskuif nie.

Diegene wat meen dat die vermeerdering van die politieke mag van die Afrikaners gedurende die jongste jare, baie van ons 'n gevoel van valse sekerheid gegee het en dat dit ons ook in ons taalhandhawing laat verslap het, het ongetwyfeld in hoë mate gelyk. Ons moet met alle mag waak teen die beskouing dat dit met ons kultuursake, en veral met ons taal, wel sal wees onder die een regering en dat ons net onder 'n ander regering daarvoor moet stry. Mag ons gedurig daarvan bewus bly dat insig, waaksaamheid en aktiwiteit veral nodig is wanneer ons meen dat ons veilig is, en dat ons nie in ons taalhandhawing sal verslap nie omdat ons mag meen dat die landsregering daarvoor sal sorg.

In die tyd waarin ons leef, ontmoet ons meer en meer mense wat meen dat die handhawing van Afrikaans - en selfs tweetaligheid in die algemeen - net onnodige las, omslagtigheid en tydverlies beteken. Hulle wys daarop dat die lewe haastig, duur en intensief geword het en meen dat die gebruik - of oorwegende gebruik - van slegs één taal veel makliker en doeltreffender is. Hulle wys ook daarop dat Engels nie net die taal van Engeland is nie, maar ook van ander Gemenebeslande soos Kanada, Australië en Nieu-Seeland; dat dit ook die taal van die Verenigde State van Amerika is; en dat dit deur baie ander lande in hulle internasionale verrigtinge gebruik word. Engels sou dus,



afgesien daarvan dat dit 'n amptelike taal van ons land is, vir ons ook die aangewese sleutel tot die buiteland wees. Dit is menings hierdie, of dit openlik gestel word en of dit stilswyend gehuldig word, wat vir die handhawing van Afrikaans baie gevaarlik kan wees.

Hierdie beskouinge, wat vir die oppervlakkige waarnemer en die swak ingeligte dikwels so logies en aanneemlik lyk, negeer volkome die basiese feit dat Afrikaans vir die grootste gedeelte van ons blanke bevolking hulle moedertaal is, wat hulle net so natuurlik gebruik soos enige ander volk sy eie moedertaal gebruik. Hierdie beskouinge hou nie daarmee rekening nie dat Afrikaans in die kultuurlewe van die Afrikaner net dieselfde plek inneem as bv. Engels in die kultuurlewe van die Engelsman en Frans in die kultuurlewe van die Fransman. Hulle hou nie daarmee rekening nie dat die ontstaan en die bloei van Afrikaans nie net 'n aanwinst en prestasie van Suid-Afrika is nie, maar van ons hele Westerse kultuurkring. Hulle hou ook nie daarmee rekening nie dat 'n land met selfs drie amptelike tale soos Switserland, aldie sy tale konsekwent handhaaf en dat daar in daardie land geen sprake van prysgewing van die een of ander van sy drie tale is nie.

Die mening - uitgesproke of onuitgesproke - dat die handhawing van Afrikaans lastig, omslagtig en tydrowend is, is dus oppervlakkig, en dit toon geen begrip hoegenaamd van die diepere betekenis wat 'n taal vir 'n volk het wat dit as sy moedertaal gebruik nie. Dit hoef ons dus nie te verbaas dat mense wat hierdie mening toegedaan is, in die reël nie self Afrikaners is nie, of anders sukkel-Afrikaners is wat nie oor die karakter of geeskrag beskik om vir die handhawing van hulle taal uit te kom nie. Dit gaan vir hierdie mense gewoonlik nie om 'n prinsipiële standpunt nie, maar om 'n skuifmeul waarmee hulle rasionaliseer om eie swakheid te bedek.

In verband met die hedendaagse beskouings oor taalhandhawing moet ons ook nog let op ander menings wat in die jongste tyd by sekere Afrikaners posgevat het, en wat in sommige opsigte



reëlreg in stryd met ons tradisionele resep vir taalhandhawing is. Laat ons goed verstaan: Ons het hier nie met swakkelinge te doen nie, maar met oortuigde Afrikaners wat bereid is om hulle vir die Afrikanersaak op te offer en wat hulle aktief daarvoor uitleef. Juis daarom is dit so nodig dat ons ernstig van hulle standpunt notisie neem, en dat ons moet vasstel of dit nie tyd geword het dat ons ons tradisionele standpunt moet hersien nie.

Hulle sien die kulturele belange van die Afrikaner veral vanuit die ekonomiese oogpunt. Hulle meen dat daar in die afgelope jare 'n diepgaande verandering op ekonomiese gebied gekom het: Terwyl die Afrikaner vroeër sowel in sy persoonlike materiële sake as in die sake van sy ondernemings grotendeels afhanklik was, sou hy tans in baie opsigte vrywel onafhanklik geword het. Terwyl hy vroeër noodgedwonge na andere moes gaan om sake te doen, sou hy dit vandag met sy eie mense kan doen. Vandaar dan dat gemeen word dat geen moeite gedoen moet word om nie-Afrikaanse sakemanne te beweeg om ook Afrikaans in hulle sake te gebruik nie: hulle behoort dit self te weet, en as hulle dit nie weet nie, en dit nie wil doen nie, dan moet hulle gerus maar met hulle eentalige Engelse bedrywigheede voortgaan. Die Afrikaner sal dan ook weet dat sulke sakemanne nie sy vriende is nie. Hy sal hom nie deur 'n bietjie Afrikaans in rekeninge en oor die toonbank laat mislei nie, maar die heeltemal natuurlike gedragslyn volg om na sy mede-Afrikaner te gaan wat vanselfsprekend aan Afrikaans reg laat geskied.

Verder word betoog dat dit Afrikaners, indien hulle met nie-Afrikaanse ondernemings sake wil doen, moet vrystaan om hulle na hartelus van Engels te bedien. Hulle gaan immers met oop oë na 'n nie-Afrikaanse saak, hulle weet wat die taal en atmosfeer daar is, en waarom moet hulle dan gehinder word om die taal van daardie plek te praat as hulle verkies om daar sake te doen? Die beskouing is dat mense, Afrikaners inkluis, wat 'n onderneming wens te steun, bereid moet wees om die taal van daardie onderneming te gebruik, want daardeur sou dan, per



slot van rekening, 'n meer natuurlike toestand in die sakelewe ontstaan en sou die onderskeie kultuurgroepe van die samelewing op die duur ook in die sakelewe meer vryelik en meer konsekwent tot hulle reg kom.

Hierdie beskouinge bevat ongetwyfeld veel wat hoë waar-dering uitlok en 'n mens tot ernstige nadenke stem, en dit kan ook wees dat ons in die toekoms nog sal leer om meer in hierdie rigting te gaan. Maar 'n mens vra jou onwillekeurig af: Kan ons as Afrikaners, ons as afgevaardigdes en besoekers by 'n F.A.K.-kongres, enigiets anders sê as dat ons Afrikaans oral en by almal in Suid-Afrika wil indra? En kan ons sê dat ons bereid is om die nie-Afrikaanse sake-onderneming hiervan uit te sluit? Kan ons vandag, wanneer Afrikaans nog in baie opsigte so 'n groot agterstand het om in te haal, konsekwent hierdie standpunt inneem? Indien ons dit tans sou doen, sou ons dan nie daardie algemene stadsbeeld, wat by ons Nederlandse besoeker verbasing opgewek het, help bestendig nie? Miskien kan ons later wel hierdie standpunt inneem. Die toekoms sal ons moet leer.

Hiermee het ons nou sekere hoofsaak in verband met die handhawing van ons moedertaal gadeslaan. Laat ons in die lig daarvan kortliks vasstel wat ons in die toekoms te doen staan.

Ons kom nl. dadelik tot die konklusie dat ons met ons taal-handhawing vandag glad nie ernstig genoeg is nie. Ons sal dit gewis aansienlik moet versterk. Ons kan immers nie met lede oë aanskou dat Suid-Afrika op die besoeker met die eerste oogopslag die indruk van 'n byna volkome Engelssprekende land maak nie. Ons kan ook nie duld dat in ons sakelewe, in hotelle en in ander plekke in ons stede Afrikaans so gedurig afgeskeep word nie. Nie-Afrikaanse sake-onderneminge sal moet besef dat hulle, indien hulle met die Afrikaner sake wil doen, hulle dit in sy taal sal moet doen. Nie-Afrikaanse sakemanne, wat dikwels van die Afrikaner verlang dat hy „redelik" en „ruimhartig" moet wees en nie soseer op bediening in Afrikaans moet



aandring nie, sal moet begryp dat die Afrikaner van sy kant nog veel meer rede het om „redelikheid" en „ruimhartigheid" van hulle te verwag, aangesien dit hulle is wat sy steun kom soek, en aangesien hy die groter en ouer deel van die blanke bevolking verteenwoordig.

Die F.A.K. sal duidelik leiding in hierdie verband moet aangee, en ons vertrou van harte dat ál ons geaffilieerde liggame, ál ons donateurlede, kortom alle vriende van ons moedertaal, hierdie leiding met geesdrif sal volg.

Die F.A.K. sal ook verder moet gaan. Hy sal dit nie net by leiding van hierdie aard kan laat bly nie. Hy weet immers welke sake-ondernemings die Afrikaner goedgesind is en ook werklik op aktiewe wyse vir behoorlike bediening in Afrikaans sorg. Die F.A.K. sal van hierdie inligting gebruik moet maak; hy sal Afrikaners moet aanmoedig om diegene te steun wat teenoor die Afrikaner opreg goedgesind is. Dit moet 'n doodgewone en heeltemal natuurlike gebruik by Afrikaners wees dat hulle met dié sakemanne sake doen wat vir die Afrikaner opregte respek en waardering toon deur sy taal te eer en behoorlike voorsiening daarvoor te maak. Terselfdertyd, sal Afrikaners moet toesien dat hulle van die gees van selftevreedenheid, waarin so baie van hulle vandag verval het, ontslae sal raak en dat hulle weer aktief en oortuig sal optree soos die handhawers van weleer.

Terwyl ons ons moedertaal eer en dit met geesdrif handhaaf, sal ons egter nie mag handel asof ons tweede amptelike landstaal, Engels, nie bestaan nie. Kennis van ander tale, naas 'n mens se moedertaal, is vir enigiemand 'n bate. Dit open nuwe deure van genot en kennis, en dit verruim 'n mens se geestelike horison. As dit in die algemeen geld, dan geld dit meer bepaald in ons eie land met betrekking tot ons tweede landstaal. Kennis van Engels stel ons in staat om ons Engelse medeburgers beter te verstaan, en om ons eie posisie in Suid-Afrika te versterk. Tot nou toe was dit die krag van die Afrikaner dat hy tweetalig was, in teenstelling met baie Engelssprekendes wat nie Afrikaans



kon - of wou - leer nie. Wanneer daar bv. mense in owerheidsdiens aangestel word, of wanneer voorsitters, sekretarisse of ander ampsdraers van rade of ander liggame benoem word, dan is dit uit die aard van die saak die tweetalige man wat 'n voorsprong geniet. Hierdie voorsprong het ons Afrikaners nog altyd gehad; ons moet toesien dat ons dit nie verloor nie.

Wat ek hier sê, sê ek om ons taalhandhawing in die juiste perspektief te plaas, maar ek weet alte goed dat ek hierdie punt nie vir Afrikaners hoef te beklemtoon nie. Trouens uit wat voorheen aangevoer is, kon die konklusie alreeds getrek word dat baie Afrikaners nie juis aanmoediging nodig het om Engels te leer en te praat nie! 'n Amerikaanse professor wat reeds 'n paar keer in Suid-Afrika was, en wat ek onlangs weer in New York ontmoet het, het aan my gesê dat die feit dat Afrikaanssprekendes só maklik van Afrikaans na Engels kan oorslaan, en dan weer van Engels na Afrikaans, vir hom een van die merkwaardigste verskynsels is wat hy in Suid-Afrika teengekom het.

Hoe dit sy, ons sien dat die leuse van ons handhawers, nl. Praat Afrikaans, altyd en oral, enigsins gekwalifiseer moet word. Daar kom tye wanneer 'n mens Engels moet praat, en dan moet jy in staat wees om dit te doen. Terwyl ons dit aan die adres van Afrikaanssprekendes sê, weet ons dat hulle dit verstaan en dat hulle - soos hulle oorfloediglik bewys het - ook daarna handel. Die teenkant hiervan sou natuurlik met veel meer rede gestel kan word, nl. dat ons aan ons Engelssprekende medeburgers sou sê: Daar kom tye wanneer 'n mens Afrikaans moet praat, en dan moet jy in staat wees om dit te doen. Mag die dag nie meer ver wees nie dat ons Engelssprekende medeburgers hulle plig in hierdie verband met dieselfde bereidwilligheid en bekwaamheid sal nakom as wat Afrikaners dit doen. Wanneer daardie dag aanbreek, sal die betrekkinge tussen ons twee groot blanke bevolkingsdele ongetwyfeld 'n nuwe fase van opregte wedersydse verdraagsaamheid en hartlikheid ingaan. Ek laat dit egter daar, want ek vrees dat ek nou 'n bietjie van my eintlike onderwerp afdwaal.



Laat ons ten slotte nog daarop let dat, terwyl ons in ons taalhandhawing ferm en beslis moet wees, ons dit steeds in 'n gesindheid van verdraagsaamheid en goedgesindheid teenoor andere moet voortsit. Al doen ons soms ondervindings op wat ons ongeduldig en wrewelig maak, al word ons soms selfs aan vernedering blootgestel, nogtans moet ons kalm, beheers en waardig bly. Om ongeduld met ongeduld te beantwoord, om wrewel met wrewel te begroet, om belediging met belediging te vergeld, - dit is maklik genoeg. Maar op dié wyse word geen goeie saak gedien nie, en op dié wyse word ook niemand blywend beïnvloed nie. Ek dink onwillekeurig aan 'n onvergeetlike waarheid wat ek jare gelede van een van my ou professore in Berlyn geleer het. Hy het uitgewei oor die belangrikheid van die gees en gesindheid waarin 'n mens 'n taak aanpak. Hy het besluit: „Dit is die gesindheid wat 'n klein saak groot kan maak, en 'n groot saak klein." Ons taalhandhawing is 'n groot saak. Laat ons dit nie deur ongeduld, opvlieëndheid en wrewel klein maak nie. As ons kalm daarmee volhou, as ons op waardige wyse volhard, sal ons die agting van ander afdwing en blywende sukses betaal.

Hier het ons dan nou kortliks ons huidige taak in verband met die handhawing van ons taal: Ons moet onverwyld aan die werk spring om van 'n gees van valse tevredenheid los te kom, en opnuut met erns en beslistheid ons taal te handhaaf en in te dra daar waar dit vandag nog maar min gehoor word. Ons moet besef dat kennis van ander tale ook vir ons waarde het, en dat ons in staat moet wees om veral ook ons tweede landstaal te gebruik. Ons moet steeds met geduld, beheersing en waardigheid optree, want alleen op hierdie wyse sal ons die agting van vriend en vyand afdwing en blywende welslae behaal.

Ons Kongres van 1958 het ons rondom hierdie gedagtes byeenbring. Dit het bowendien die noodsaaklikheid van die suiwere gebruik van ons taal voor ons oë gestel en op ons harte gebind. Mag ons Kongres van 1958 ons opnuut laat besef welke onvervangbare kultuurskat ons in ons taal besit. Mag die verrigtinge van hierdie Kongres vir ons almal tot in lengte van dae warme, besielende herinneringe bly.